Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Deborah Williams**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Deborah.Williams@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 19/4/10/2
Verwysing: 20240826-6290

Assesseringsbestuursminuut: 0016/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamen-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Die vroeë aanvang van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2024 en die impak daarvan op die jaareindprogramme en die Nasionale Senior Sertifikaat se nasienprosesse**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is daartoe verbind om maksimum onderrig- en leertyd te verseker. Hierdie minuut dien dus om prinsipale vroegtydig van belangrike datums in te lig om te verseker dat die jaareindprogramme doeltreffend beplan word.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende omsendbriewe/minute wat voorheen uitgereik is:

| Omsendbrief/Minuut | Onderwerp | Datum uitgereik |
|---|---|---|
| Assesseringsbestuursminuut 0003/2024 | Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-, Junie 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat- en Junie 2025 se Senior Sertifikaat-eksamen | 15 Februarie 2024 |
| Omsendbrief 0009/2024 | Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2024 | 19 Maart 2024 |
| Omsendbrief 0020/2024 | Finale rooster vir November 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen | 08 Julie 2024 |


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

3. November 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen sal amptelik op Maandag, **21 Oktober 2024** begin, en op Donderdag, **28 November 2024** eindig.

4. Graad 12-leerders moet tot Vrydag, **11 Oktober 2024** met gewone klasse voortgaan om soveel onderrigtyd moontlik te verseker. Prinsipale word versoek om gedurende die week van **07 tot 11 Oktober 2024** 'n **verbintenisseremonie** by hul skole te reël. Tydens hierdie seremonie moet kandidate herinner word aan die belangrikheid daarvan om die reëls van die eksamen te gehoorsaam, asook die gevolge indien kandidate hierdie reëls sou oortree.

5. Skole wat **graad 10 en 11** aanbied word daaraan herinner dat die eksamens nie voor Maandag, **11 November 2024** mag begin nie. Skole kan egter by die distriksdirekteur aansoek doen om toestemming vroeër met hierdie eksamens te begin.

6. Skole wat **graad 7 en 8** aanbied, mag nie voor Maandag, **18 November 2024** met hulle kontroletoetse/jaareindassesserings begin nie.

7. Skole wat **graad 4 tot 6** aanbied, mag nie voor Woensdag, **20 November 2024** met hul kontroletoetse begin nie.

8. Opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners is genooi om aansoek te doen om die poste as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die NSS-eksamen in November 2024 en die NSS- en Senior Sertifikaat-eksamens in Junie 2025. Die nasieners wie se aansoeke suksesvol was, sal mettertyd kommunikasie hieroor ontvang.

9. Die aanvangsdatum van die nasientydperk is afhanklik van die beoogde getal antwoordskrifte wat ontvang sal word vergelyke met die getal opvoeders wat oor die gepaste kwalifikasies beskik, oor die vereiste onderrigervaring beskik en wat aansoek gedoen het om as nasieners vir elke vak/vraestel te dien. In die verlede kon die WKOD hierdie datums bestuur sodat die impak op skole se jaareindprogramme tot 'n minimum beperk word. Dit sal egter nie in 2024 die geval wees nie.

10. Volgens die nasionale bestuursplan moet alle prosesse wat met die nasien van NSS-antwoordskrifte verband hou, wat die vaslegging van punte insluit, teen Vrydag, **13 Desember 2024** afgehandel wees. Die rede hiervoor is om die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi genoegsame tyd te gee om hul verifikasieprosesse af te handel.

11. Die WKOD doen daarom 'n beroep op alle prinsipale om nasienbestuurspanne en nasienamptenare toe te laat om op die volgende datums by die nasiensentrums aan te meld:

| | |
|---|---|
| Nasienbestuurspanne (hoofnasieners, interne moderators, adjunkhoofnasieners, senior nasieners) | Vrydag, **29 November 2024** om 12:00 |
| Nasieners | Saterdag, **30 November 2024** om 08:00 |

12. Die opleiding van nasieners strek oor twee dae en is beplan vir Saterdag, **30 November 2024** en Sondag, **01 Desember 2024**. Let daarop dat hierdie opleiding verpligtend is vir alle nasienamptenare.

13. Die WKOD is daarvan bewus dat die vrystelling van die nasienamptenare 'n impak op baie hoërskole se jaareindprogramme sal hê, en dat sommige skole moontlik 'n groot getal opvoeders sal hê wat as nasienamptenare aangestel sal word. In sodanige gevalle moet prinsipale die spesifieke distriksdirekteur via hul kringbestuurder raadpleeg om goedkeuring te verkry om die interne assesseringsprogram/jaareindeksamen vroeër te laat begin. Prinsipale word versoek om tegemoetkomend te wees met hul beplanning wanneer dit by die vrystellingsdatums van die nasienamptenare kom. Die interne vorderings- en bevorderingsvergaderings moet so gestruktureer word dat dit die nasienamptenare sal toelaat om hul insette te lewer voordat hulle by die nasiensentrums moet aanmeld.

14. Weens die streng tydraamwerke wat ontvang is en die druk om die nasien van ongeveer 800 000 en selfs meer antwoordskrifte in die vasgestelde tydperk na te sien, doen die WKOD 'n beroep op prinsipale van alle hoërskole om ons te help om die oorgang van opvoeders na die nasiensentrums op so 'n wyse te bestuur dat dit die minste moontlike min ontwrigting in die konteks van elke skool veroorsaak.

15. Die WKOD doen weer eens 'n beroep op prinsipale om die NSS-nasienproses te ondersteun om te verseker dat die WKOD aan die nasionale sperdatums en -tye kan voldoen.

16. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-09-04